

Graad 5 Natuurwetenskap en Tegnologie

Dinsdag 28 April 2020

Metale en nie-metale:

Verskillende tipes metale:

- Goud
- Silver
- Koper
- Sink
- Alluminium
- Kroom
- Nikel
- Lood
- Tin
- Yster

Eienskappe van Metale:

- Hardheid - Metale is hard en sterk.
- Glans - Metale blink en kan lig weerkaats.
- Smeedbaarheid - Metale kan in verskillende vorms gehamer, saamgepers, gevorm, gebuig of gedraai word.
- Rekbaarheid - Metale kan in drade uitgetrek word.
- Kan smelt - Metale het 'n hoë smeltpunt. Meeste metale is hard teen kamertemperatuur.
- Goeie geleier van elektrisiteit en hitte

Eienskappe van nie-metale:

Lees bladsy 53 en 54 in jou handboek oor nie-metale.

Woensdag 29 April en Donderdag 30 April

Beantwoord die volgende vrae oor nie-metale.

1. Noem 10 nie-metale wat in jou huis voorkom. Sê dan ook watter materiale hierdie nie-metale van gemaak is. Bv. Tafel - Hout
2. Lys 5 eienskappe van nie-metale. (**bladsy 53**)
3. Kyk na die volgende prentjie. Watter materiale word gebruik om 'n motor te vervaardig? Sê ook of die materiale metale of nie-metale is.

